

**South African  
Reserve Bank**

**Suid-Afrikaanse  
Reserwebank**

---

A statistical presentation of South Africa's national  
accounts for the period 1946 to 1970

---

'n Statistiese aanbieding van die nasionale rekeninge  
van Suid-Afrika vir die tydperk 1946 tot 1970

---

Supplement to the South African Reserve Bank  
Quarterly Bulletin, June 1971

Bylaag tot die Suid-Afrikaanse Reserwebank  
Kwartaalblad, Junie 1971

# A statistical presentation of South Africa's national accounts for the period 1946 to 1970

Revised national accounts figures for the period 1963 to 1970 were published in the March 1971 issue of the *Quarterly Bulletin*. Annual national accounts figures from 1946 to 1970 and quarterly gross domestic product and expenditure figures (seasonally adjusted as well as unadjusted) from 1960 to 1970 are published in Tables 1 to 17 of this *Supplement*. The main purpose of this publication is to facilitate economic research and analysis by providing comparable annual national accounts data for the post-war period and to publish, for the first time, seasonally adjusted and unadjusted quarterly national accounts figures for a relatively long period of time. The revision of national accounts statistics was made in order to exclude data relating to Botswana, Lesotho and Swaziland from the national accounts of South Africa and to bring the compilation and classification of the figures in line with the standard international principles given in the United Nations' new manual, *A System of National Accounts*<sup>1</sup>. The revision also incorporated improvements in basic statistics.

## The exclusion of data relating to Botswana, Lesotho and Swaziland

Although the need has long been felt to exclude Botswana, Lesotho and Swaziland from the coverage of the national accounts and balance of payments of South Africa, the existence of the Customs Union between the Republic, South West Africa, Botswana, Lesotho and Swaziland made the deconsolidation of the data for balance of payments purposes very difficult. The methods used to exclude these territories from the territorial coverage of South Africa's balance of payments were described in the *Supplement* to the March 1971 *Quarterly Bulletin*. The exclusion of data

relating to Botswana, Lesotho and Swaziland from the other national accounts items was relatively easy, as the compilation of all income and expenditure items for those territories was made independent in the past and could, therefore, only be omitted from the estimates for South Africa and South West Africa.

## Changes in concepts, definitions and classifications

The concepts, definitions and classifications given in the manuals on national accounts issued by the United Nations and used in the compilation of the national accounts of South Africa remained almost unchanged throughout the post-war period, but major changes were introduced in 1968 when a completely new SNA manual was published.

It is virtually impossible to give a complete description in this *Supplement* of the concepts, definitions and methods of calculation used in estimating every item in the national accounts. The following should, therefore, only be regarded as brief descriptions of the more important changes to certain items in the national accounts tables. It should, furthermore, be noted that all items in the system of national accounts appear twice; once as a debit and once as a credit. The description of changes to an item appearing as a debit or credit naturally also applies to its contra entry.

### (a) Gross domestic product: Table 7

The gross domestic product is one of the most important magnitudes appearing in the national accounts as it serves as an indicator of total production in a country during a specific period of time. The revisions in the new SNA affect the absolute value of the gross domestic product through changes in valuation and the distribution of the product by kind of economic activity through changes in the sectoral classification.

The measurement of the value added by the different sectors of the economy in the new SNA differs from that of the former SNA in three major respects, namely (i) the treatment of rent, (ii) the imputation of charges for services rendered by financial institutions, and (iii)

<sup>1</sup>United Nations: Department of Economic and Social Affairs, *A System of National Accounts*, Studies in Methods, Series F, No. 2, Rev. 3, New York, 1968, hereafter referred to as the new SNA. The principles of national accounting as described in the former manual of the United Nations, *A System of National Accounts and Supporting Tables*, Studies in Methods, Series F, No. 2, Rev. 2, New York, 1964, will be referred to as the former SNA.

the calculation of the value added by general government and non-profit institutions. According to the former SNA, net rent paid was treated as a payment for a factor service and, consequently, measured as value added by the sector which actually employed or used the assets; in terms of the new SNA, net rent paid is treated as a payment for a commodity type of service and included in the value added by the owners (as against the users) of the assets. This change, therefore, only affects the distribution of the value added between the different sectors but not the total of the gross domestic product.

In the past an imputation was made for charges for services rendered by financial institutions to users of financial services and this imputation represented an income and, therefore, also value added by financial institutions. The value of such imputed services was in turn allocated to the different users of the services as an expenditure item to them. According to the new SNA this imputation should still be made and will, therefore, continue to represent value added by financial institutions, but instead of being allocated as an expenditure item to the other sectors, the total of these services is now regarded as a separate sector with a negative value added. This change has the effect of reducing the actual level of the gross domestic product by that part of imputed service charges which was formerly allocated to households and general government. In Table 7 this negative contribution is deducted from the value added by the sector "Financing, insurance, real estate and business services".

The value added by general government and non-profit institutions, and therefore also total gross domestic product, is reduced as only depreciation charges on buildings owned and occupied by general government and non-profit institutions are now included instead of imputed rent on these buildings as in the former SNA.

The main differences in the classification of the gross domestic product by kind of economic activity incorporated in the new SNA are that the number of economic activities distinguished is reduced from eleven to nine and that a distinction is now made between industries, producers of government services and producers of other services. The number of economic activities distinguished was reduced by including the former separate sector "Ownership of dwellings" under the new composite sector "Financing, insurance, real estate and business services" and by consolidating the categories "General government" and "Other services" into one sector, "Community, social and personal services". To distinguish between industries, producers of government services and producers of other services, the sector "Community, social and personal services" is subdivided into services provided by business enterprises, general government and other producers (non-profit institutions and domestic servants).

(b) *Gross and net domestic investment: Tables 11 to 14*

Owing to the lack of information, it was previously impossible to classify investment by kind of economic activity and the available data only permitted the division of fixed investment into two broad categories, namely buildings and constructions and plant, machinery and equipment instead of five, namely residential buildings, non-residential buildings, construction works, transport equipment and machinery and other equipment as recommended by the United Nations. The improvement in basic sources of information and the research work done by the Reserve Bank and post-graduate students in recent years make a more detailed classification according to type of organisation, kind of economic activity and type of asset possible.

The estimates published in this *Supplement* still differ in one important respect from the new SNA. According to the latter, investment by type of organisation and kind of economic activity should consist of investment in *new* as well as *existing* capital assets. The required details on transactions in existing capital assets between different sectors are not, as yet, available and the estimates published refer to investment in *new* assets only. As transactions in existing assets for the economy as a whole cancel out, this omission does not affect the total of domestic investment, but influences the total capital outlays by individual sectors.

In Table 11 data on gross and net domestic investment by type of organisation are now subdivided into fixed investment and changes in inventories. Gross domestic fixed investment by kind of economic activity is presented in Table 12. Capital outlays are classified strictly according to the economic activity of the owners of the capital assets and agree in all respects with the classification of the new SNA. It should be noted in this regard that total fixed investment by a specific sector includes the outlays by public authorities, public corporations and private business enterprises engaged in that kind of economic activity. Fixed investment in manufacturing includes, for example, outlays by business enterprises of public authorities such as the Government Printer and the South African Mint, public corporations such as Iscor, Sasol, Alusaf and Natref, and all private manufacturing concerns. For purposes of economic analysis economically significant sub-sectors, such as the South African Railways, private manufacturing and private residential buildings, are published separately under the main kind of economic activity. One of the most important improvements incorporated in this table is that the classification agrees in all respects with the classification of the gross domestic product by kind of economic activity. The information in these two tables can, therefore, be used for the calculation of average and marginal capital output ratios, projections of future growth, etc..

without any reclassifications as were required in the past.

The observations made in respect of Table 12 also apply to Table 13 on changes in inventories. Data published in Table 13 differ in two main respects from those published previously, namely firstly, stock revaluation adjustment has been extended appreciably and covers almost all types of inventories and, secondly, changes in the book value of total industrial and commercial stocks (covering total manufacturing, wholesale, retail and motor trade) are now shown separately.

Gross domestic investment, classified by type of asset, is shown in Table 14. As mentioned earlier, the number of categories of assets distinguished has been extended and five economically significant types of assets, as against only two previously, are now identified. Attention should again be drawn to the fact that outlays on a particular type of asset, such as "Residential buildings" comprise the total amount invested in this type of asset by public authorities, public corporations and all private business enterprises. These outlays thus include those on private residential buildings, housing schemes by the central government and local authorities and the cost to agriculture, mining, manufacturing, etc., of providing housing for their employees. The category "Non-residential buildings" covers factories, warehouses, office buildings, restaurants, garages and buildings for religious, educational, recreational and similar purposes. Capital outlays on "Construction works" include, *inter alia*, the construction of and major alteration to non-military works, such as railways, roads, streets, bridges, subways and tunnels, harbours, airports, pipelines, mine shafts, dams, irrigation, drainage and sanitation projects, electricity transmission lines and telegraph lines and cables. "Transport equipment" consists mainly of motor vehicles, ships, aircrafts, railway rolling stock and tractors for road haulage, but exclude transport equipment used for military purposes. "Machinery and other equipment" include power generating machinery, office machines, equipment, furniture and furnishings, mining, construction and other industrial machinery, cranes and agricultural machinery and equipment such as harvesters, ploughs and tractors other than for road haulage.

#### (c) Personal income and expenditure: Tables 16, 8, 9 and 10

The main changes to the personal income and expenditure account presented in Table 16 comprise the complete revision of private consumption expenditure and the inclusion of a new expenditure item, viz. "Current transfers to general government".

Revised estimates of private consumption expenditure are published in Tables 8 to 10 of this *Supplement*. The classification of expenditure by object (Tables 8 and 9), now distinguishes only eight main categories

compared with twelve before. Expenditures on food, beverages and tobacco, formerly shown separately, are now grouped together, while expenditures on household operation and domestic services are similarly grouped under the new composite category "Furniture, furnishings and household equipment".

Apart from this regrouping of categories, the allocation of expenditure to the different categories was also changed in accordance with the new SNA. According to the former SNA, expenditures in restaurants, cafés, hotels, sport clubs and other recreational establishments were broken down in their component parts and then allocated to the different expenditure categories. Thus, the food component was included under the category "Food", the service component under "Services", etc. In the revised series the total of such expenditures is regarded as a payment for a service and allocated as such. In accordance with the change in the treatment of imputed charges for services rendered by financial institutions in estimating gross domestic product, imputed service charges are no longer included in private consumption expenditure.

In Table 10 the distinction between goods and services and the classification of the former according to degree of durability, namely as durable, semi-durable and non-durable, has been extended and expenditure on goods and services included under the different categories are now published for the first time. Durable goods are defined as goods which have an expected lifetime of use of longer than one year, such as motor cars, caravans, boats, furniture, carpets, household appliances, etc. Semi-durable goods generally have a shorter expected lifetime than durable goods while their purchase value is substantially less. Clothing and footwear, household textiles, furnishings and glassware, and motor tyres, tubes, parts and accessories for the operation of personal transport equipment are the more important articles included under semi-durable goods. Non-durable goods are goods of which the expected lifetime of use is less than one year. Food, beverages, tobacco, household fuel and power, and petrol, oils and greases for the operation of personal transport equipment are the main commodities included under this category. Payments for services are self-explanatory. Another important change to private consumption expenditure is the treatment of motor vehicle licence payments by households which were previously regarded as an indirect tax and included in consumption expenditure as operating costs of personal transport equipment. These payments are now included under direct tax payments and consequently excluded from private consumption expenditure.

"Current transfers to general government" is included as a separate expenditure item. These transfers, which were previously included under private consumption expenditure, consist mainly of compulsory fees such as dog, hunting and fishing licences, and fines and forfeitures.

(d) *Current revenue and expenditure of general government: Table 17*

Public authorities comprise all departments of the central government, provincial administrations, local authorities, the Administration of South West Africa, the Transkeian Government and various extra-budgetary bodies and funds, such as the South African Bantu Trust and social security funds. General government, in turn, refers only to the general departments of these public authorities and, therefore, excludes all their business enterprises or trading departments. Public authorities in South Africa now also exclude the central and local authorities of Botswana, Lesotho and Swaziland. A further major change is that the National Housing Fund, the Community Development Fund, the housing departments of local authorities, the Department of Forestry and the major equipment accounts of the Department of Water Affairs and the South African Bantu Trust are now regarded as business enterprises of public authorities. These bodies and accounts were formerly regarded as general departments.

Various other changes have been incorporated in the revised data. "Income from property", comprising interest, dividend and rent receipts by general government and profits of business enterprises of public authorities, has been amended, *inter alia*, to include the profits (or losses) of business undertakings previously regarded as general departments, referred to above. Imputed net rent on buildings owned and occupied by general government has been replaced by provision for depreciation only on these buildings. Revenue from motor licences paid by households are now treated as direct taxes and not as indirect taxes, while fines and forfeitures and receipts from dog, fishing, hunting and similar licences have been transferred from indirect taxes to the new item "Current transfers from households." Direct taxes have been amended further by the inclusion of revenue on the Bantu Transport Services Account and Bantu service levies raised by local authorities. Transfers to and from the rest of the world reflect revisions of balance of payments data, mainly due to the exclusion of Botswana, Lesotho and Swaziland. The revision of consumption expenditure by general government resulted mainly from the exclusion of the above-mentioned activities of trading departments and the adoption of revised data of actual consumption expenditure on goods and services by central government departments since 1965, as calculated by the Reserve Bank from statistics received on a quarterly basis by the Department of Statistics. The new series of consumption expenditure, furthermore now exclude imputed bank charges and imputed rent on buildings owned and occupied by general government. Expenditure on subsidies now includes subsidy payments by the Bantu Transport Services Account and the losses sustained by local authorities on sub-economic housing schemes.

### New national accounts tables

Apart from the changes in concepts, definitions and classifications affecting the various national accounts items and tables, two completely new tables were published in the March 1971 *Quarterly Bulletin*, while one additional table is included in the June 1971 *Quarterly Bulletin*.

(a) *Quarterly domestic product and expenditure data: Tables 4 and 5*

Although annual national accounts statistics provide the basic background information for economic analysis, short-term economic trends can only be meaningfully diagnosed on the basis of more current data. The Reserve Bank has consequently for some years already made quarterly estimates of the more important national accounts aggregates. However, mainly due to the lack of basic statistics, these estimates were initially subject to a substantial margin of error and had to be revised continuously, and were, therefore, not published but used only as indicators of broad tendencies in economic surveys. With the improvement in the availability and the greater reliability of basic statistics, the Reserve Bank decided to publish, for the first time, certain of the more important seasonally adjusted national accounts statistics on a quarterly basis in the March 1971 *Quarterly Bulletin* and unadjusted quarterly figures in the June 1971 *Quarterly Bulletin*. Initially, only totals are published as the components of the totals are not yet judged reliable enough for publication. However, as the basic information improves and the estimates of the components become more reliable, more detail will be published in future.

For obvious reasons quarterly estimates are less accurate and reliable than annual figures and should, therefore, be regarded only as approximate indications of broad tendencies. It should also be borne in mind that quarterly national accounts statistics are subject to frequent and substantial revision in particular for the most recent quarter. This phenomenon is not restricted to South Africa, but occurs in all countries where quarterly estimates are made and published.

To provide for changes originating from improvements in basic data, shifts in seasonal patterns and revisions to annual national accounts data, regular revisions of the data will in future be effected approximately as follows:

- (i) Each quarter the figures for the preceding two quarters will be revised, if necessary.
- (ii) Once a year, in March, the quarterly statistics for the previous two or three years will be revised in view of the revision of annual national accounts figures and the recalculation of seasonal factors.
- (iii) A basic revision of all annual and quarterly statistics may be effected when it becomes necessary after a long period, say ten years.

(b) *Private consumption expenditure at constant 1963 prices: Table 9*

Particulars of private consumption expenditure at constant 1963 prices have also been published for the first time in the March 1971 *Quarterly Bulletin*. Comparable figures from 1947 to 1970 are given in Table 9 of this *Supplement*.

To convert private consumption expenditure at current prices to constant prices, each available component was revalued at base year prices and then added together to arrive at total private consumption expenditure at constant prices. Where possible, real values were calculated by extrapolating base year value figures by appropriate volume indices. In the absence of volume indices, appropriate price indices were used to deflate the relevant value series to constant prices. If neither of the above methods could be applied successfully, the general consumer price index was used to deflate the series. The latter method is used only in respect of items comprising a very small proportion of total private consumption. Use was made of a large number of different indices, such as those available for components of the consumer and the wholesale price indices, retail sales and the physical volume of manufacturing production, as well as of information collected directly by the Reserve Bank.

#### **Improvement of statistical data**

Basic statistics that have become available after previous estimates were made as well as new and additional sources of statistical information have been incorporated, as far as possible, in revising the national accounts for South Africa. Estimates of gross domestic product, for example, have been improved by utilising published, unpublished and preliminary census data relating to such important sectors as agriculture, mining, construction, manufacturing. The same sources of information have also been used to improve the estimates of gross domestic investment. Estimates of total domestic investment as well as subdivisions by type of organisation, by kind of economic activity and by type of asset now also incorporate the results of special studies in this field — initiated by the Reserve Bank and the Department of Planning — by post-graduate students at various universities.

Sample surveys on financial statistics and remuneration of employees conducted by the Department of Statistics and the Reserve Bank have been extended and improved considerably. The results of these surveys form the basis of quarterly national accounts estimates. Quarterly and annual estimates of general government consumption expenditure have been improved substantially by making use, where possible, of actual expenditure data for the central government collected by the Department of Statistics instead of estimates based on Exchequer issues, as in the past.

# 'n Statistiese aanbieding van die nasionale rekeninge van Suid-Afrika vir die tydperk 1946 tot 1970

Hersiene nasionale rekeninge-syfers vir die tydperk 1963 tot 1970 is in die Maart 1971-uitgawe van die *Kwartaalblad* gepubliseer. Jaarlikse nasionale rekeninge-syfers vanaf 1946 tot 1970 en kwartaallikse bruto binnelandse produk- en bestedingsyfers (seisoensaangesuiwer en onaangesuiwer) vanaf 1960 tot 1970 word nou in tabelle 1 tot 17 van hierdie *Bylaag* gepubliseer. Die hoofdoel van hierdie publikasie is om ekonomiese navorsing en analise te vergemaklik deur vergelykbare jaarlikse nasionale rekeninge-gegewens vir die na-oorlogse tydperk te verskaf en om vir die eerste keer seisoensaangesuiwerde en -onaangesuiwerde kwartaallikse nasionale rekeninge-syfers vir 'n betreklik lang periode te publiseer. Die hersiening van die nasionale rekeninge-statistiek is gemaak ten einde die gegewens ten opsigte van Botswana, Lesotho en Swaziland uit te sluit en om die berekening en indeling van die syfers in ooreenstemming te bring met die standaard internasionale beginsels soos vervat in die nuwe handleiding, *A System of National Accounts*<sup>1</sup> van die Verenigde Volke-Organisasie. Die hersiening maak ook voorsiening vir verbeterings in basiese statistiek.

## Die uitsluiting van gegewens ten opsigte van Botswana, Lesotho en Swaziland

Alhoewel die behoeftreeds lank bestaan het om Botswana, Lesotho en Swaziland van die gebied gedeck deur die nasionale rekeninge en betalingsbalans van Suid-Afrika uit te sluit, het die bestaan van die Doeaneunie tussen die Republiek, Suidwes-Afrika, Botswana, Lesotho en Swaziland die dekonsolidasie van die gegewens vir betalingsbalansdoeleindes baie bemoeilik. Die metodes wat gebruik is om hierdie gebiede uit te sluit van die gebiedsdekking van Suid-Afrika se betalingsbalans is in die *Bylaag* tot die Maart 1971-

*Kwartaalblad* beskryf. Die uitsluiting van die gegewens wat betrekking het op Botswana, Lesotho en Swaziland uit die ander nasionale rekeninge-poste, was betreklik maklik, aangesien die berekening van al die inkome- en bestedingsposte van hierdie gebiede in die verlede onafhanklik gemaak is en gevvolglik net wegelaat kon word uit die ramings vir Suid-Afrika en Suidwes-Afrika.

## Veranderings aan begrippe, definisies en indelings

Die begrippe, definisies en indelings soos vervat in die handleidings oor nasionale rekeninge wat deur die Verenigde Volke-Organisasie saamgestel en in die berekening van die nasionale rekeninge van Suid-Afrika gebruik is, het gedurende die na-oorlogse tydperk feitlik onveranderd gebly. Belangrike veranderings is egter in 1968 aangebring toe 'n algehele nuwe SNA gepubliseer is.

Dit is feitlik onmoontlik om in hierdie *Bylaag* 'n volledige beskrywing van die begrippe, definisies en berekeningmetodes van die raming van elke pos in die nasionale rekeninge te gee. Die volgende moet dus slegs as kort verduidelikings van die belangrikste veranderings aan sekere poste in die nasionale rekeninge-tabelle beskou word. Daar moet verder op geleent word dat elke pos in die stelsel van nasionale rekeninge twee keer voorkom, een keer as 'n debiet en een keer as 'n krediet. Die verduideliking van veranderings aan 'n pos wat as 'n debiet of krediet voorkom, het dus ook op sy kontra-inskrywing betrekking.

### (a) Bruto binnelandse produk: Tabel 7

Die bruto binnelandse produk is een van die belangrikste groothede wat in die nasionale rekeninge voorkom, aangesien dit as 'n aanwyser van die totale produksie in 'n land gedurende 'n bepaalde tydperk dien. Die veranderings in die nuwe SNA beïnvloed die absolute waarde van die bruto binnelandse produk as gevolg van veranderings in waardering en die verdeling van die produk volgens tipe ekonomiese aktiwiteit as gevolg van veranderings in die sektorale indeling.

Die meting van die toegevoegde waarde deur die verskillende sektore van die volkshuishouding in die

<sup>1</sup>Verenigde Volke-Organisasie: Department of Economic and Social Affairs, *A System of National Accounts*, Studies in Methods, Series F, No. 2, Rev. 3, New York, 1968. Hierná sal na hierdie publikasie verwys word as die nuwe SNA terwyl die beginsels van die nasionale rekeninge soos beskryf in die vorige handleiding van die Verenigde Volke-Organisasie, *A System of National Accounts and Supporting Tables*, Studies in Methods, Series F, No. 2, Rev. 2, New York, 1964, na verwys sal word as die vorige SNA.

nuwe SNA verskil van dié van die vorige SNA in drie belangrike oopsigte, naamlik: (i) die behandeling van huur, (ii) die toerekening van fooie vir dienste deur finansiële instellings gelewer en (iii) die berekening van die toegevoegde waarde deur die algemene owerheid en nie-winssoekende instellings. Volgens die vorige SNA, is netto huur as 'n vergoeding van 'n faktordiens behandel en gevvolglik as toegevoegde waarde gemeet by dié sektor wat werklik die bates gebruik het; ingevolge die nuwe SNA word netto huur as 'n betaling van 'n kommoditeitstipe diens beskou en ingesluit in die toegevoegde waarde van die besitters (teenoor die gebruikers) van die bates. Hierdie verandering beïnvloed dus slegs die verdeling van die toegevoegde waarde tussen die verskillende sektore maar nie die totaal van die bruto binnelandse produk nie.

In die verlede is 'n toerekening gemaak vir die waarde van dienste gelewer deur finansiële instellings aan die gebruikers van die finansiële dienste en hierdie toegerekende fooie het 'n inkome en daarom ook 'n toegevoegde waarde deur finansiële instellings verteenwoordig. Die waarde van sodanige toegerekende dienste-fooie is, op sy beurt, as 'n uitgawepos aan die verskillende gebruikers van die dienste toegewys. Volgens die nuwe SNA moet hierdie toerekening nog gemaak word en verteenwoordig dit dus nog waarde toegevoeg deur finansiële instellings, maar in plaas daarvan dat dit as 'n uitgawepos na die ander sektore toegewys word, word dit nou as 'n afsonderlike sektor met 'n negatiewe toegevoegde waarde getoon. Hierdie verandering het tot gevolg dat die werklike peil van die bruto binnelandse produk verlaag word met dié gedeelte van die toegerekende dienste-fooie wat in die verlede aan huishoudings en die algemene owerheid toegewys is. In tabel 7 is hierdie negatiewe bydrae afgetrek van die toegevoegde waarde van die sektor „Finansiering, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste“.

Die waarde toegevoeg deur die algemene owerheid en nie-winssoekende instellings, en gevvolglik ook totale bruto binnelandse produk, is verder verminder deur slegs voorsiening vir waardevermindering op geboue besit en gebruik deur die algemene owerheid en nie-winssoekende instellings in te sluit, in plaas van toegerekende huur op hierdie geboue soos ingevolge die vorige SNA.

Die belangrikste verskille in die indeling van die bruto binnelandse produk volgens tipe ekonomiese aktiwiteit, soos vervat in die nuwe SNA, is dat die aantal ekonomiese aktiwiteite wat onderskei word van elf na nege verminder word en dat 'n onderskeid nou gemaak word tussen sake-ondernehmings, produsente van owerheidsdienste en produsente van ander dienste. Die aantal ekonomiese aktiwiteite wat onderskei word is verminder deur die voormalige afsonderlike sektor „Besit van wonings“ in te sluit onder die nuwe omvattende sektor „Finansiering, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste“ en die konsolidasie van

„Algemene owerheid“ en „Ander dienste“ in een sektor, naamlik die „Gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste“ sektor. Ten einde sake-ondernehmings, produsente van owerheidsdienste en produsente van ander dienste te onderskei, is die sektor „Gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste“ onderverdeel in dienste voorsien deur sake-ondernehmings, algemene owerheid en ander produsente (nie-winssoekende instellings en huisbediendes).

(b) *Bruto en netto binnelandse investering: Tabelle 11 tot 14*

Weens die gebrek aan inligting was dit voorheen onmoontlik om investering volgens tipe ekonomiese aktiwiteit in te deel en die beskikbare gegewens het slegs die verdeling van vaste investering in twee breë klasse, te wete geboue en konstruksies en masjinerie, installasies en uitrusting, in plaas van vyf soos deur die Verenigde Volke-Organisasie aanbeveel, naamlik woongeboue, nie-woongeboue, konstruksiewerke, vervoertoerusting en masjinerie en ander toerusting, moontlik gemaak. Die verbetering in die basiese inligtingsbronne en navorsingswerk deur die Reserwebank en na-graadse studente gedurende onlangse jare, maak dit nou moontlik om besonderhede van investering volgens tipe organisasie, tipe ekonomiese aktiwiteit en tipe bate beskikbaar te stel.

Die ramings soos in hierdie *Bylaag* gepubliseer, verskil nog in een belangrike oopsig van die nuwe SNA. Volgens laasgenoemde bestaan investering volgens tipe organisasie en tipe ekonomiese aktiwiteit uit investering in *nuwe* sowel as *bestaande* kapitaalbates. Die nodige besonderhede van transaksies in bestaande kapitaalbates tussen verskillende sektore is tans nog nie beskikbaar nie en die gepubliseerde ramings verwys slegs na investering in *nuwe* bates. Aangesien transaksies in bestaande bates vir die volkshuishouding as geheel uitkanselleer, beïnvloed hierdie tekortkomming nie die totaal van binnelandse investering nie, maar wel die totale kapitaalbesteding van individuele sektore.

In tabel 11 word gegewens oor bruto en netto binnelandse investering volgens tipe organisasie nou onderverdeel in vaste investering en veranderings in voorrade. Bruto binnelandse vaste investering volgens tipe ekonomiese aktiwiteit word in tabel 12 weergegee. Kapitaalbesteding word streng volgens die ekonomiese aktiwiteit van die besitters van die kapitaalbates ingedeel en stem in alle oopsigte met die indeling van die nuwe SNA ooreen. Daar moet op gelet word dat die totale vaste investering deur 'n bepaalde sektor die besteding van openbare owerhede, openbare korporasies en private sake-ondernehmings wat by daardie tipe ekonomiese aktiwiteit betrokke is, insluit. Vaste investering in fabriekswese sluit, byvoorbeeld, die besteding deur sake-ondernehmings van openbare owerhede soos die Staatsdrukker en die Suid-Afrikaanse

Munt, openbare korporasies soos Yskor, Sasol, Alusaf en Natref, en alle private fabrieksondernemings in. Vir die doeleindes van ekonomiese ontleding word ekonomies betekenisvolle subsektore soos, byvoorbeeld, die Suid-Afrikaanse Spoerweë, private fabrieks-wese en private woongeboue afsonderlik onder die hooftipe ekonomiese aktiwiteit gepubliseer. Een van die belangrikste verbeterings wat in hierdie tabel vervaat is, is dat die indeling nou in alle opsigte ooreenstem met die indeling van die bruto binnelandse produk volgens ekonomiese aktiwiteit. Die inligting in hierdie twee tabelle kan gevoldiglik gebruik word vir die berekening van gemiddelde en marginale kapitaalopbrengsverhoudings, projeksies van toekomstige groei, ens. sonder enige herindelings soos wat voorheen die geval was.

Die opmerkings wat ten opsigte van tabel 12 gemaak is, is ook op tabel 13 oor die veranderings in voorrade van toepassing. Die gegewens wat in tabel 13 gepubliseer word, verskil in twee belangrike opsigte van dié wat voorheen gepubliseer is, naamlik, eerstens is die aansuiwing vir voorraadwaardering aansienlik uitgebrei om feitlik alle tipes voorrade te dek, en tweedens, word veranderings in die boekwaarde van totale nywerheids- en handelsvoorraade (wat totale fabrieks-wese, groot-, klein- en motorhandel insluit) nou afsonderlik getoon.

Bruto binnelandse investering, ingedeel volgens tipe bate, word in tabel 14 getoon. Soos vroeër gemeld, is die aantal tipe bates wat onderskei word uitgebrei en word daar nou vyf ekonomies betekenisvolle tipe bates, teenoor slegs twee voorheen, onderskei. Aandag moet weer eens daarop gevëstig word dat die besteding aan 'n besondere tipe bate, byvoorbeeld „Woongeboue”, uit die totale bedrag belê in hierdie tipe bate deur openbare owerhede, openbare korporasies en alle private sake-ondernemings bestaan. Hierdie besteding omvat dus dié aan private woongeboue, behuisings-skemas deur die sentrale regering en plaaslike owerhede sowel as die koste vir landbou, mynbou, fabriekswese, ens. om behuising vir hul werknemers te voorsien. „Nie-woongeboue” bestaan uit fabrieke, pakhuise, kantoorgeboue, restaurante, motorhawens en geboue vir godsdiestige, opvoedkundige, ontspannings- en soortgelyke doeleindes. Kapitaalbesteding aan „Konstruksiewerke” omvat, onder andere, die konstruksie van en belangrike veranderings aan nie-militêre werke, soos spoorlyne, paaie, strate, brûe, duikweë en tonnels, hawens, lughawens, pyleidings, mynskagte, damme, besproeiings-, dreinerings- en sanitêre werke, elektriese transmissielyne, telefoon- en telegraaflyne en -kabels. „Vervoertoerusting” bestaan hoofsaaklik uit motorvoertuie, skepe, vliegtuie, spoorweg rollende materiaal en trekkers vir padvervoer, maar sluit vervoer-uitrusting vir militêre doeleindes uit. „Masjinerie en ander uitrusting” omvat kragopwekkingsmasjinerie, kantoormasjiene, uitrusting, meubels en toebehore, mynbou-, konstruksie- en ander nywerheidsmasjinerie, hyskrane en landboumasjinerie en -uitrusting soos

dorsmasjiene, ploeë en trekkers, uitgesonderd trekkers vir padvervoer.

(c) Persoonlike inkome en besteding: Tabelle 16, 8, 9 en 10

Die belangrikste veranderings aan die persoonlike inkome- en bestedingsrekening, aangebied in tabel 16, bestaan uit die algehele hersiening van private verbruiksbesteding en die insluiting van 'n nuwe bestedingspos, naamlik „Lopende oordragte aan algemene owerheid”.

Hersiene ramings van private verbruiksbesteding word in tabelle 8 tot 10 van hierdie *Bylaag* gepubliseer. Die indeling van besteding volgens objek (tabelle 8 en 9) onderskei nou slegs agt hoofgroeppe vergeleke met twaalf vantevore. Besteding aan voedsel, drank en tabak, wat voorheen afsonderlik getoon is, word nou saam gegroepeer terwyl besteding aan lopende huis-houding en huishoudelike dienste insgelyks saamgevat word onder die nuwe omvattende klas „Meubels, toe-behore en huishoudelike uitrusting”.

Afgesien van die hergroepering van die klasse, is die toewysing van besteding aan die verskillende klasse ingevolge die nuwe SNA ook verander. Volgens die vorige SNA is besteding in restaurante, kafees, hotelle, sportklubs en ander vermaakklikheidsplekke in hul komponente verdeel en daarna na die verskillende bestedingsklasse toegedeel. So is die voedselkomponent ingesluit onder die klas „Voedsel”, die diens-komponent onder „Dienste”, ens. In die hersiene reeks word die totaal van sodanige besteding as 'n betaling vir 'n diens beskou en as sulks ingedeel. In ooreenstemming met die verandering in die behandeling van toegerekende fooie vir dienste gelewer deur finansiële instellings in die raming van die bruto binnelandse produk, word toegerekende dienste-fooie nie meer as deel van private verbruiksbesteding beskou nie.

In tabel 10 is die onderskeid tussen goedere en dienste en die indeling van eersgenoemde volgens graad van duursaamheid, naamlik duursaam, semi-duursaam en nie-duursaam, uitgebrei en besteding aan goedere en dienste onder die verskillende klasse ingesluit nou vir die eerste keer gepubliseer. Duursame goedere word gedefinieer as goedere wat 'n verwagte lewensduur van langer as een jaar het, en sluit motors, karavane, bote, meubels, tapyte, huishoudelike toestelle, ens. in. Semi-duursame goedere het in die algemeen 'n korter verwagte lewensduur as duursame goedere, terwyl hul aankoopwaarde terselfdertyd ook aansienlik kleiner is. Klerasie en skoeisel, huishoudelike tekstile, toebehore en glasware, motorbuite- en -binnebande, onderdele en toebehore vir die instandhouding van persoonlike vervoertoerusting is die belangrikste artikels wat onder semi-duursame goedere ingesluit is. Nie-duursame goedere is dié waarvan die verwagte lewensduur minder as een jaar is. Voedsel, drank, tabak, huishoudelike brandstof en krag, en petrol, olie en smeeralties vir die

instandhouding van persoonlike vervoertoerusting is die belangrikste kommoditeit wat onder hierdie klas ingesluit is. Betalings vir dienste is selfverduidelikend. 'n Verdere belangrike verandering aan private verbruiksbesteding is die behandeling van motorvoertuiglisensies deur huishoudings betaal wat voorheen as 'n indirekte belasting beskou en as deel van die onderhoudskoste van persoonlike vervoertoerusting onder verbruiksbesteding ingesluit was. Hierdie betalings word nou onder direkte belastingbetalings ingesluit en gevolglik nie as private verbruiksbesteding beskou nie.

„Lopende oordragte aan algemene owerheid“ word nou as 'n afsonderlike bestedingspos getoon. Hierdie oordragte, wat voorheen onder private verbruiksbesteding ingesluit was, bestaan hoofsaaklik uit verpligte fooie soos honde-, jag- en hengellisensies en boetes en verbeurdverklarings.

*(d) Lopende inkomste en uitgawe van algemene owerheid: Tabel 17*

Openbare owerhede omvat alle afdelings van die sentrale regering, provinsiale administrasies, plaaslike owerhede, die Administrasie van Suidwes-Afrika, die Transkeise Regering en verskeie buite-begrottingsliggame en -fondse, soos die Suid-Afrikaanse Bantoe-trust en bestaansbeveiligingsfondse. Die algemene owerheid verwys op sy beurt slegs na die algemene afdelings van hierdie openbare owerhede en sluit derhalwe al hul sake-ondernemings of handelsdepartemente uit. Openbare owerhede in Suid-Afrika sluit nou ook die sentrale en plaaslike owerhede van Botswana, Lesotho en Swaziland uit. 'n Verdere belangrike verandering wat aangebring is, is dat die Nasionale Behuisingsfonds, die Gemeenskapsontwikkelingsfonds, die behuisingsafdelings van plaaslike owerhede, die Departement Bosbou en die swaar toerustingrekenings van die Departement Waterwese en die Suid-Afrikaanse Bantoe-trust nou as sake-ondernemings van openbare owerhede beskou word. Hierdie liggame en rekenings is vroeër as algemene afdelings geklassifiseer.

